
# 430 Soos daar reeds lank tevore voorspel is




Na Hom vra al die nasies -
wortel van Isaï!
En voor Hom roep Jesaja:
Maak reguit elke draai,
berei die Heer se weg,
maak oor die dale, heuwels
sy paaie voor Hom reg.

Die Koning van die konings -
Hóm sal die aarde dien.
Sy heerlikheid en vrede
sal alle mense sien.
Hy heers oor elke streek
as herder van sy kudde;
die Heer het dit gespreek.

Trier (1587); Layriz (1844) M. Praetorius (1571-1621)